Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20

# Maleagi

**Hê ontsag vir die Here, Sidder vir sy Naam**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Goeiedag!

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om reg te laat geskied aan jou roeping in Jesus Christus. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op sosiale media by ***www.facebook.com/precept.sa/*** en ***www.instagram.com/precept.sa/***.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF®

# *Maleagi*

## HÊ ONTSAG VIR DIE HERE, SIDDER VIR SY NAAM

This is a special Precept edition.
This work is a translation from the original Precept Upon Precept study,

MALACHI

REVERING THE LORD, STANDING IN AWE OF HIS NAME
© 2011 Precept Ministries International.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe, oorspronklik in Engels gepubliseer.

MALEAGI

HÊ ONTSAG VIR DIE HERE, SIDDER VIR SY NAAM
1ste uitgawe © 2025 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God's Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit
Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling: Hoofletteruitgawe (AFR20HL).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (0)21 531-1836

instagram.com/precept.africa/

facebook.com/precept.africa/

Gedruk in Suid-Afrika
Augustus 2025

Precept
SOUTH AFRICA

# INHOUD

| BLADSY | LES |
|---|---|
| 3 | LES EEN: Oorsig en Maleagi 1 |
| 11 | LES TWEE: Maleagi 2 |
| 49 | LES DRIE: Maleagi 3-4 |

## BYLAAG


| BLADSY | BYLAAG |
|---|---|
| 39 | Maleagi-waarnemingswerkblaaie |
| 49 | "Maleagi-oorsigwerkblad" |
| 51 | "Israel se verdeling en ballingskap" |
| 53 | "Die heersers en profete in Maleagi se tyd" |
| 54 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 56 | Meer oor Precept |

## Nuttige studiehulpmiddels

Arthur, Kay; Arthur, David; De Lacy, Pete
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010*

The New Inductive Study Bible – New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Hebreeuse woordstudiehulpmiddels
*(Nuttige hebreeuse woordstudiehulpmiddels:)*

Harris, R. Laird; Archer, Gleason L. Jr.; Waltke, Bruce K.
Theological Wordbook of the Old Testament
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1980*

Richards, Lawrence O.
Expository Dictionary of Bible Words
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1985*

## Aanbevole kommentare

Gaebelein, Frank E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 7, Daniel and the Minor Prophets
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1992*

Feinberg, Charles L.
The Minor Prophets
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1952*

Walvoord, John F., Zuck, Roy B., Eds.
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

Carson, D. A.
The New Bible Commentary
*Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press, 1994*

KEIL, C. F., DELITZSCH, F.
Commentary on the Old Testament
*Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc., 2002*

## Aanbevole sagteware

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelwoordeboeke, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

# LES EEN
# Oorsig en hoofstuk een

WAT HIERDIE LES INSLUIT

In die Bylaag:
- Maleagi-waarnemingswerkblaaie
- "Maleagi-oorsigwerkblad"
- "Israel se verdeling en ballingskap"
- "Die heersers en profete in Maleagi se tyd"

Kruisverwysings

**EK HET JULLE LIEF**

**Het jy al ooit God se liefde vir jou in twyfel getrek? Indien wel, wat het veroorsaak dat jy aan die egtheid van sy liefde twyfel?**

**Wat was die uiteinde daarvan? Wat gebeur in of met 'n verhouding as liefde in twyfel getrek word?**

## DAG EEN

Die boek wat jy die volgende drie weke gaan bestudeer, is uitsonderlik! Dit is die laaste woord van God in die Joodse Bybel, die afsluiting van wat die Kerk die Ou Testament noem. Omtrent 400 jaar verloop tussen Maleagi en die evangelies. Israel het met ander woorde 'n hongersnood beleef wat die aanhoor van die Here se woorde betref, net soos die profeet Amos voorspel het (8:11).

Tog bly God oppermagtig en alwetend. Hy wéét wat Hy gaan doen. Stilte sou ná hierdie slotwoorde volg. Wat sê die Here met ander woorde deur Maleagi, en hoekom? Waaroor wil Hy hê moet die volk dink? Wat moet hulle onthou? (Terloops, Maleagi beteken "my boodskapper".)

Dít is wat jy self gaan uitvind wanneer jy hierdie kort dog buitengewoon tydige boek volgens die induktiewe metode bestudeer. Die toepassing vir God se huidige kinders is broodnodig. Ons stel daarom voor dat jy elke dag met gebed begin en God vra om hierdie boek te gebruik om vir jou enige swakhede te wys wat jou van Hom en sy voorskrifte laat afdwaal.

© 2025 Precept South Africa

Jou taak is tweeledig vandag:

1. Lees biddend deur die boek Maleagi op ’n plek waar niks jou aandag sal aflei nie. Terwyl jy lees, onthou dat jy God se Woord lees, nie mense s’n nie. Dit is geskryf deur God se heilige gesante, onder sy goddelike inspirasie, en is dus “God-geadem” (2 Timoteus 3:16). Hierdie woorde is nie deur mense uitgedink nie; die Gees van God het sy heiliges meegevoer om sy woorde uit te spreek, soos ons in 1 Petrus 2:20-21 sien.

   As dit nie te steurend is nie, sal dit goed wees as jy die boek hardop kan lees, stadig en peinsend. Dit het ’n kragtige uitwerking om die Skrif te hoor. Terwyl jy lees, merk gerus al die plekke waar jy *sê die Here (Heerser oor alle magte)* raaklees in kleur. Party van ons gebruik geel (ons kleur vir God). Gebruik die Maleagi-teks wat op die waarnemingswerkblaaie in hierdie studie se Bylaag gedruk is.

2. Lees Maleagi nog ’n keer deur. Gebruik hierdie keer jou waarnemingswerkblaaie.

   a. Let op Maleagi 1:1. Wat is die boek volgens hierdie vers? Aan wie word dit gerig?

   b. Die 2020-vertaling (AFR20) se voetnota sê “profesie” kan ook met “uitspraak”, “uitspraak deur God” of “aankondiging” vertaal word.

3. Onderstreep of merk elke *maar julle vra* en *dan vra julle* op sy eie manier of met sy eie kleur, sodat dit uitstaan en sodat jy al die plekke waar dit in Maleagi voorkom, kan sien. (Merk ook *deur te sê, dan sê julle, julle het gesê.*)

4. Kyk nou na al die plekke waar jy *maar julle vra, dan vra julle* gemerk het. Gebruik die tabel aan die einde van die les en maak ’n lys van wat jy leer.

5. Dink ten slotte aan wat jy waargeneem het. Hoe sal jy hierdie volk se geestelike toestand beskryf? Teken jou insigte hier onder aan, in so min woorde as moontlik. Kan jy met enigiets hiervan identifiseer?


© 2025 Precept South Africa

## DAG TWEE EN DAG DRIE

1. Gister het jy 'n bondige oorsig van Maleagi gekry. In watter tyd speel die boek Maleagi af en wat is die historiese agtergrond? Kom ons verken dit, sodat jy kan sien *wanneer* hierdie uitsprake in Israel se geskiedenis gemaak word.

   a. As jy nog die Woord van God leer ken en nie vertroud is met Israel se geskiedenis nie, kan dit nuttig wees om na die grafiese voorstelling van "Israel se verdeling en ballingskap" in die Bylaag te kyk. Hierdie voorstelling strek vanaf die verdeling van die koninkryk in 'n noordelike koninkryk (Israel) en 'n suidelike koninkryk (Juda), deur die ballingskap, tot ná die suidelike koninkryk (Juda) se sewentig jaar lange ballingskap.

   b. Hou alles wat jy in Maleagi gelees het in gedagte en kyk dan na hierdie grafiese voorstelling uit *The Inductive Study Bible*: "Die heersers en profete in Maleagi se tyd."

      1) Teken aan waar Maleagi volgens hierdie voorstelling in die tydlyn inpas.

      2) Nehemia is 'n geskiedenisboek; Maleagi is 'n profetiese boek deur 'n boodskapper van God wat op 'n spesifieke tydstip gestuur is om namens Hom te praat. Wat het Maleagi en Nehemia met mekaar te doen?

2. As 'n mens die gebeure van Esra en Nehemia in "Die heersers en profete in Maleagi se tyd" bekyk, wat kom jy oor die toestand van Jerusalem te wete, en oor die tempel wat vernietig is toe Babilonië Juda verower het?

3. Watter aspek van tempelaanbidding word in Maleagi genoem?

4. Noudat ons 'n oorsig van Maleagi gekry het, kom ons neem hoofstuk 1 van naderby waar sodat ons kan uitvind wat presies gebeur.

   Op die agterblad van hierdie werkboek is daar 'n **Sleutelwoordboekmerk** wat twee doele dien.

© 2025 Precept South Africa

a. *Eerstens* bevat dit 'n lys sleutelwoorde wat deurlopend in die Bybel voorkom, met voorstelle hoe om dit te merk, sodat jy dwarsdeur die Woord van God konsekwent kan wees. 'n **Sleutelwoord** help om die teks se betekenis te ontsluit en word dikwels herhaal. Onthou, die simbole op die boekmerk is bloot voorstelle – daar is nie 'n regte of verkeerde manier om die teks te merk nie.

b. *Tweedens* sal jy op die keersy van die boekmerk plek vind om 'n lys van die sleutelwoorde in Maleagi te maak namate jy studeer. Merk dit of kleur dit in, soos op jou waarnemingswerkblad. Jy kan dit dan gebruik om jou te herinner aan die woorde wat jy wil merk.

5. Kom ons neem nou Maleagi 1 waar. Merk die volgende sleutelwoorde, hul sinonieme en voornaamwoorde op kenmerkende maniere.
   a. *liefde* (Raadpleeg die boekmerk vir 'n voorgestelde simbool.)
   b. *haat/afkeer* (Party mense merk *haat/afkeer* op dieselfde manier as "liefde", maar met 'n streep deur, of met 'n swart hartjie.)
   c. *Esau/Edom* (Jy hoef nie hierdie een op jou Sleutelwoordboekmerk te sit nie.)
   d. *priesters*
   e. *offer*
   f. *minag/geminag*
   g. *besoedelde*
   h. *ontheilig*
   i. *verkeerd* (Party mense merk dit op dieselfde manier as *sonde* in hul Bybels. Raadpleeg die boekmerk vir 'n voorgestelde simbool.)
   j. *nasies* (behalwe die volk Israel. Moenie Israel op dieselfde manier as die nasies merk nie. Raadpleeg die boekmerk vir 'n voorgestelde simbool.)
   k. *ontsag*
   l. *my Naam (u Naam)*
   m. *vloek (vervloek)* (Raadpleeg die boekmerk vir 'n voorgestelde simbool.)
   n. enigiets te doen met *waar* of *wanneer*. Party van ons merk verwysings na tyd met 'n groen kringetjie, en dubbelonderstreep verwysings na geografiese liggings met groen.

6. Wat dink jy nóú is die hooftema van Maleagi 1? Hoe sal jy die hoofstuk se inhoud opsom? Teken dit op die **"Maleagi-oorsigwerkblad"** aan.

 © 2025 Precept South Africa

*Elke keer as daar 'n probleem was, het God sy boodskapper gestuur om sy volk te waarsku. Geliefde, besef jy dat dit vandag een van die funksies van God se Woord is? Die geskrewe rekord van vroeër is as waarskuwing neergeskryf vir ons, want die Here verander nie. Sonde bly sonde, ongeag die kultuur.*

## DAG VIER

1. Kom ons kyk na die eerste vyf verse van Maleagi 1. Dink oor hierdie verse. Watter punt wil God oordra? Hoekom? Hoe dra hy dit oor?

2. Kom ons leer 'n bietjie Bybelse geskiedenis oor Esau en vind uit waarom hy ook as 'Edom' bekend staan.

   a. Genesis 25:19-34 – Lees dit net deur en maak 'n lys hier onder van wie Esau is en waarom hy 'Edom' genoem word.

   b. Genesis 28:6-9 (Ismael was Abraham se seun by Sarai se slavin Hagar.)

3. Kom ons gaan terug na Maleagi 1:3-4. Die vrae is eenvoudig, maar as jy dit antwoord, sal dit jou help om seker te maak dat jy die teks korrek waargeneem het.

   a. Wat het God aan Edom gedoen? Vir hoe lank?

   b. Wat kan Edom sê?

   c. Wie gaan seëvier? Hoe weet jy?

© 2025 Precept South Africa

4. God se woorde oor Esau in Maleagi 1:2-3 word in Romeine 9:6-13 aangehaal. Hoe staaf God sy eie reg om te kies?

5. Obadja se hele visioen het met Edom te doen, maar hy word ook in die Nuwe Testament genoem. Lees die volgende gedeeltes en teken aan wat jy oor Edom of Esau leer.

   a. Obadja 1:4, 10-16

   b. Hebreërs 12:15-17

6. Hoe laat dit jou oor God voel? Vanuit 'n streng menslike perspektief, watter aspek van God trek dit in twyfel? Watter beswaar kan iemand opper as hulle nie God se oppermag behoorlik verstaan nie? Dit is in die haak om dit neer te skryf. God ken ons gedagtes; Hy is nie bang daarvoor of geskok daardeur nie. Hy is immers God!


© 2025 Precept South Africa

a. Hoe sal jy só 'n beswaar uit die teks aanspreek? God het die antwoord. Lees Romeine 9:6-21. Wat sê die Woord van God?

b. Waar in Romeine 9:6-21 sien jy God se oppermag?

c. Wat is dus die rol van geloof? Wat gaan jy met hierdie inligting doen, Geliefde van God?

*Terwyl ons vandag afsluit, Geliefde, dink aan alles wat jy die afgelope vier dae gesien het. God het Jakob (Israel) liefgehad, maar was hulle op hierdie tydstip in hulle geskiedenis dit waardig? Wat sal dit vir jou beteken om te weet dat God jou liefhet, selfs wanneer jy droogmaak of in 'n jammerlike toestand verkeer? En watter invloed gaan dit hê op die toevlug wat jy kies as jou lewe uitmekaar val? Dink daaroor na … praat met God daaroor.*

*Terloops, as jy aan God se liefde vir jou twyfel, lees Romeine 8:28-39.*

## DAG VYF

1. Dit was nogal 'n insiggewende week, of hoe? Het Maleagi se inhoud jou op enige manier verras?

© 2025 Precept South Africa

2. Lees weer deur Maleagi 1 met behulp van jou waarnemingswerkblad.

   a. Aan wie is vers 6-14 gerig?

   b. Fokus nou op die sleutelwoorde wat jy so sorgvuldig gemerk het. Wat is die *hoofkwessies* wat die Here in hierdie verse aanspreek? Maak 'n lys hier onder.

3. Wat was die priester se verantwoordelikheid wanneer hulle die Here met offers gedien het? Kom ons kyk 'n bietjie na 'n paar verse uit die Tora, die Boek van die Wet, die vyf boeke van Moses, die eerste vyf boeke in die Bybel. Kyk uit vir die Here se Naam terwyl jy dit lees.

   a. Levitikus 21:6, 8, 17

   b. Levitikus 22:1-2, 20-25

4. Wat het jy uit hierdie verse en in Maleagi 1 oor die Naam van die Here geleer? Wat dink jy beteken dit om die Naam van die Here te ontheilig en te minag?


© 2025 Precept South Africa

5. Wat dink jy bedoel God wanneer Hy die priesters beveel om die tempeldeure toe te sluit? Is daar enige moontlike toepassing vir vandag?

6. Lees Maleagi 1:11, 14. Wat leer die merk van name en nasies jou?

7. Lees Maleagi 1:5. Hoe hou dit met Maleagi 1:11, 14 verband?

8. Nou vir ’n bietjie toepassing, Geliefde, voor ons vandag afsluit. Lees Romeine 12:1. Bid ’n paar minute lank en dink dan oor hierdie vers na. Vra die Here om aan jou te openbaar hoe jy dalk op enige moontlike wyse sy Naam ontheilig, en wat jy daaromtrent moet doen?

   Sien jy die verband tussen dit wat jy aan God bied, jou offers, en hoe dit jou siening van God en sy Naam weerspieël? Hoe wys dit vir ander hoe kosbaar Hy is?

9. As jy tyd oorhet, kyk wat jou kommentare oor Maleagi 1 sê.

*Knap gedaan. Nog twee weke, dan sal jy ’n grondige begrip van die boek Maleagi hê en weet waarom God dit by sy Boek ingesluit het. Onthou, die dinge wat in die Ou Testament geskryf staan, “is as waarskuwing neergeskryf vir ons wat in die eindtyd verkeer” (1 Korinthiërs 10:11).*

© 2025 Precept South Africa

## MAAR JULLE VRA / DAN VRA JULLE

| Skrifgedeelte | God se aanklag | Groep wat aangespreek word | Hulle reaksie | God se antwoord/reaksie op hul reaksie | Tema (hoof-onderwerp) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |


© 2025 Precept South Africa

# BYLAAG

# MALEAGI 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

’n Profesie. Dit is die woord van die HERE tot Israel by monde van Maleagi.

**10** “Ek het julle lief,” sê die HERE, maar julle vra: “Hoe het U ons lief?” Die
uitspraak van die HERE is: “Is Esau nie Jakob se broer nie? Tog het Ek Jakob
lief,
3 maar van Esau het Ek ’n afkeer en Ek het van sy bergland ’n verlate plek
gemaak, sy erfdeel ’n plek vir die woestynjakkalse.”
4 Ja, Edom sê: “Ons is verpletter, maar ons sal weer die puinhope opbou.”
Maar so sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Húlle kan maar bou, maar Ék
sal afbreek. Hulle sal die goddelose gebied genoem word, en die volk vir wie
die Here vir altyd vervloek het.”
5 Met julle eie oë sal julle dit sien en julle sal self erken: “Die HERE is groot
buite die grense van Israel.”

**6** “’n Seun respekteer ’n vader, en ’n dienaar sy heer. As Ek dan ’n vader is, waar
is die respek wat My toekom? As Ek die Opperheer is, waar is die ontsag vir
My?” Die HERE, Heerser oor alle magte, sê: “Dit geld vir julle, priesters, wat
my Naam minag! Maar julle vra, ‘Hoe minag ons u Naam?’
7 Julle bied besoedelde voedsel aan op my altaar en dan vra julle nog, ‘Hoe het
ons U verwerp?’ Omdat julle dink dat die tafel van die Here maar geminag
kan word!
8 As julle ’n blinde dier as offer aanbied, is dit mos nie verkeerd nie, en as julle
’n mank of siek dier aanbied, is dit mos nie verkeerd nie! Bied so iets vir jou
streekgoewerneur aan! Sal hy jou aanvaar, sal hy goedgesind wees teenoor
jou?” vra die HERE, Heerser oor alle magte.
9 Sou julle God dan nou gunstig stem dat Hy ons genadig kan wees, terwyl
julle so iets doen? Sal Hy deur júlle toedoen goedgesind wees? Die HERE,
Heerser oor alle magte het dit gesê.

© 2025 Precept South Africa

10 "Was daar maar iemand onder julle wat die tempeldeure kon toesluit, sodat julle nie die vuur op my altaar verniet aan die brand steek nie. Ek is julle nie goedgesind nie," sê die HERE, Heerser oor alle magte. "'n Offer uit julle hand is nie vir My aanvaarbaar nie.
11 Immers, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, is my Naam groot onder die nasies en op elke plek word reukwerk en 'n rein offer aangebied vir my Naam, want my Naam is groot onder die nasies," sê die HERE, Heerser oor alle magte.
12 "Maar julle ontheilig my Naam aangesien julle dink, die tafel van die Heer is besoedel, en oor wat dit bied, dink julle, sy voedsel kan maar geminag word.
13 En dan sê julle, 'Kyk, watter moeite is dit nie!' En julle skat dit gering," sê die HERE, Heerser oor alle magte. "Julle bring diere wat geroof en mank en siek is, en bied dit as 'n offergawe aan! Moet Ek dit uit julle hand aanvaar?" vra die Here.
14 "Vervloek is iemand wat bedrieg deur 'n gelofte af te lê, maar 'n verminkte dier aan die Heer offer, terwyl daar 'n manlike dier in sy kudde is. Ek is immers die groot Koning," sê die HERE, Heerser oor alle magte, "en my Naam wek ontsag by die nasies."


© 2025 Precept South Africa

# OORSIGWERKBLAD VIR MALEAGI

**Boektema:** ______________________

Skrywer:


Datum:

Doel:

Sleutelwoorde:


| Hoofstuktemas |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |
| 4 |

© 2025 Precept South Africa


ISRAEL SE VERDELING EN BALLINGSKAP
1051 v.C.
Saul, Dawid, Salomo
Verenigde koninkryk,
120 jaar
931 v.C. Koninkryk skeur
Noordelike koninkryk (Israel)
Tien stamme
Hoofstad: Samaria
Konings: Jerobeam, gevolg deur agtien slegte konings
209 jaar
teen 722 v.C. Gevange geneem deur Assirië
Suidelike koninkryk (Juda)
Twee stamme (Benjamin en Juda)
Hoofstad: Jerusalem
Konings: Rehabeam, gevolg deur elf slegte en agt goeie konings
345 jaar
605 v.C.
70 jaar
lange ballingskap
538 v.C Dekreet van Kores
536 v.C.
Serubabbel, Esra, Nehemia
536 v.C. Begin om die tempel te herbou
toe Jojakim koning van Juda was
toe Jojagin koning van Juda was
toe Sedekia koning van Juda was
Babilonië neem Juda gevange 586 v.C.
Daniël en sy vriende
Esegiël en tienduisend
Jerusalem vernietig
605 v.C.
597 v.C.
586 v.C.
Jerusalem drie keer deur Babiloniërs beleër

## *Maleagi*

*Die heersers en profete in Maleagi se tyd*




© 2025 Precept South Africa

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
- ***Wanneer***?
- ***Waar*** was die Woord?
- ***Wie*** is die Woord?
- ***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

*Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*


© 2025 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

**KONTRASTE** — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is. Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): .

Johannes 1:17: "*Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels …*"

**VERGELYKINGS** — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid **soos** dié van die unieke Seun van die Vader …*"

**GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE** — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom kon glo.*"

**UITDRUKKINGS VAN TYD** — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

Johannes 1:2: "*Hy was **in die begin** by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: **6** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*

Johannes getuig van die Lig

7 *Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*

8 *Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, epos ons by info@precept.org.za.

© 2025 Precept South Africa

## MEER OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ’n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad – elke dag – deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ’n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van ’n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

Glo jy dat die Bybel ’n verskil in mense se lewens maak? Help ons dan om meer mense in God se Woord te vestig. Dra maandeliks by tot die Afrika-land van jou keuse (Suid-Afrika ingesluit) deur precept.org.za/get-involved/support-us te besoek, of doen ’n elektroniese inbetaling vir Precept Africa, Standard Bank-rekeningnommer 271 157 518. Stuur ’n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

> PRECEPT MINISTRIES
> Standard Bank, Rondebosch Tak
> Rekeningnommer: 078 203 716
> Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET ’N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2025 Precept South Africa